

Wat is die reg?

soos geïllustreer deur die siviele saak van Idioom v Ididom.

<u>Sleutel tot saak:</u>	idiome:	donkerskrif
	Verduidelikings:	kursief
	Reg:	sinoniem vir korrek
	REG:	die regstelsel van Suid-Afrika

Saaknaam: Idioom v Ididom (ook bekend as die 31 Idioom saak)

Regter: **Kolmuis Vreet Wasgoed R** (iemand wie se broek styf tussen die agterstewe intrek)

Feite

Mnr. Idioom (hierna verwys as die eiser of “Mnr. **Bokveld-toe**”) wat op die donker Donderdagoggend om dertienuur deur ‘n donderstraal gedaag was deur Mnr. Ididom (hierna verwys as die verweerder, ook bekend as “Mnr. **Dis-Klaar-met-Kees**”). Na die verweerder se motor die eiser van die pad gevee het, het die **poppe begin dans**. Die verweerder is bevind om **aangeklam** te wees, en dit op **tiermelk** (dronk as gevolg van alkohol gebruik), daarby het die meneer ook sy **stoute skoene aangehad** (dapper ‘n saak aandurf). Die eiser is **tot in Daantjie se kalwerhok opgedreun** (iemand fisies aanrand). Vanuit die **haai vlakte** (kaal en verlate vlakte) swaai die eiser terug en daar land die verweerder **vier stewels in die lug** (dood of erg beseer). Vir hierdie saak sal **Job se geduld en Salomo se wysheid** nodig wees. Die regter is soos ‘n **boer wat nie die kuns afgepra moet word nie** (min of geen kennis oor ‘n aangeleentheid) en die beslissing net die **oortjie van die seekoei** (klein deeltjie van die volle waarheid).

Regsvraag

Wat is reg in die REG van **die reg** (sonder wetlike goedkeuring iets doen)?

Beslissing

Die regter het ‘n **draad vir elke naald** (antwoord vir elke vraag), alhoewel dit van die **waarheid ontbloot is**. Tog is dit **makliker om vere van ‘n padda te pluk** (onmoontlikheid) as om die man se **sabbatsreis** (onnodig langdradigheid) te volg. Die einde van sy verhaal: “**Die argument hou nie meer steek.**” (argument geld nie meer nie), wat net bevestig dat hy soveel van die reg weet as ‘n **kat van saffraan** (oor geen kennis aangaande ‘n aspek beskik nie).

Redes vir beslissing

Die prokureurs van beide kant het gedink hý is die **koning van die mishoop** (*in beheer van 'n saak*). Die verweer voer aan: hý is die aangewese man om die **kat die bel aan te bind** (*'n moeilike saak aanpak en as wenner uit die stryd tree*). Hiervan het niks gekom, net soos die **berg wat 'n muis baar** (*waarna gretig uitgesien is, het niks van gekom nie*). **Met die laaste sien van die blikkantien** (*iemand is nooit weer gesien nie*) het die berese man die **hasepad gekies** (*weghardloop*). Dit na die volgende deur die eiser se regsman te hore was: “my opponent is **so groen dat 'n koei hom sal opvreet**” (*die persoon is nie so dom as wat hy voorkom nie*). Om van 'n **padda vere te probeer pluk** sal waarskynlik gebeur voor geregtigheid hier sal seëvier. Hierdie hofspraak is gelyk aan die **uitvoer van 'n eierdans** (*moeilikhede deursteur om veilig die ander kant te bereik*).

Bevel

Die reg is wat ons elkeen wil hê dit moet wees. Almal glo dat die REG reg is! Die vraag bly egter of jou reg binne die REG reg is? Beide prokureurs het so gedink maar **binne stille waters en diepe grond** het die regter gewys **waar draai die duiwel rond** (*iemand wat skynbaar ingetoë is maar aan wie die waarheid reeds bekend is*). In 'n wêreld waar “**om die waarheid te sê moet ek lieg**” aanvaarbaar is, glo ek **al loop die leuen nog so snel die waarheid agterhaal hom wel**. Die regste REG is die waarheid REG!